

NASIENRIGLYNE

EKSAMEN NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD	12
DATUM	MEI/JUNIE 2026
VAK	AFRIKAANS HUISTAAL
VRAESTEL	1
PUNTETOTAAL	70
TYDSDUUR (UUR)	2
AANTAL BLADSYE	12



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE	
VERGADERINGSDATUM	
UMALUSI-MODERATOR	
HOOFNASIENER	
INTERNE MODERATOR	



AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Nasien van die leesbegrip

- Spel- en taalfoute by eenwoord-antwoorde waar die woord in die teks voorkom, word gepeenaliseer bv. gras groen (X) grasgroen (✓).
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die klem op begrip lê/val.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woorde in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oopvrae** word geen punte toegeken vir **JA/NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE**. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir **WAAR/ONWAAR-** of **FEIT/MENING-**vrae, word geen punte toegeken nie. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Antwoorde wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepeenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**. Aanhalings moet woordeliks reg wees.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar antwoorde in *variante* van Afrikaans, al wyk dit van Standaardafrikaans af.
- By meervoudigekeusevrae word **SOWEL** die letter **AS** die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, korrek aanvaar.



AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

	ANTWOORDE	PUNT	VLAK
1.1.1	Skool is vervelig./Dat skool vervelig is./Skool is eentonig. ✓ <i>Of soortgelyk</i>	(1)	1
1.1.2	Die woord <u>vervelig</u> is in lettergrepe verdeel en dit skep die indruk van verveeldheid/langdradigheid./Die woord vervelig is "uitgerek". ✓ <i>Enige een</i>	(1)	2
1.2	Hartseer/angs/depressie/emosionele probleme. ✓✓✓ <i>Enige drie</i>	(3)	1
1.3	Hulle aandag word van leer afgelei. ✓	(1)	2
1.4	Dit is/was vervelig. ✓	(1)	1
1.5	'n Kind se opvoedingsreis kan kepe bevat of lineêr wees./Daar is baie struikelblokke in 'n kind se opvoeding. ✓ <i>Of soortgelyk</i>	(1)	3
1.6	<u>Suid-Afrikaanse</u> navorsing onder gr. 10-leerders het <u>weer</u> bevind. ✓ <i><u>Suid-Afrikaanse</u> en <u>weer</u> moet genoem word vir 'n punt.</i>	(1)	3
1.7	Hoe om hulle te motiveer ✓ en betrokke ✓ te kry. <i>(Al twee moet genoem word)</i>	(2)	2
1.8	Hulle moet meer aandag aan leerders skenk/in kinders belangstel. ✓ <i>Of soortgelyk</i>	(1)	4
1.9	Wanneer kinders verveeld is, begin hulle aan kreatiewe aktiwiteite te dink./Verveling kan kinders aanmoedig om kreatief te wees en met hulle eie aktiwiteite vorendag te kom. ✓ <i>Of soortgelyk</i>	(1)	3
1.10	beheer ✓ en waarde. ✓	(2)	2



1.11	- Wanneer 'n leerling net <u>af en toe verveeld</u> is, is die inhoud van die vak moontlik nie na sy/haar smaak nie. ✓ - Leerders wat <u>gedurig verveeld</u> is, het moontlik 'n (verskuilde) leerprobleem. ✓	(2)	3
1.12	JA. Daar volg 'n duidelike antwoord/beskrywing op die vraag. ✓ <i>Motivering bepaal die punt.</i>	(1)	3
1.13	Dat verveling nie net negatief is nie, maar ook positief. ✓	(1)	4
1.14	Hulle/kinders moet uitvind hoe om hulleself te vermaak. ✓	(1)	4
1.15	Bepanningstrategieë/probleemoplossings/organisatoriese vermoëns kan ontwikkel word. ✓ <i>Enige een</i>	(1)	3
1.16	Om 'n leerder se verhouding met die onderwyser te versterk. ✓	(1)	3
1.17	JA. - Alle klasse/lesse was vir my vervelig. - Onderwysers was nie kreatief/innoverend genoeg nie. NEE. Ek het al my aandag in die klas geskenk, al was die les(se) vervelig. ✓ <i>Of soortgelyk. Motivering bepaal die punt.</i>	(1)	5
1.18.1	Omdat hy nie aandag in die klas skenk nie. ✓	(1)	4
1.18.2	Sarkasties./Ongeskik./Geen respek nie./Ongemanierd./ Ongepoets./Onbeskof. ✓ <i>Enige een of soortgelyk</i>	(1)	3
1.19.1	kwaai/moeilik/woedend/streng/geïrriteerd. ✓ <i>Enige een of soortgelyk</i>	(1)	3
1.19.2	Sy staan met gevoude arms./Haar oë lyk kwaai./Haar wenkbroue is afwaarts gebuig./Geen vriendelike mond nie./Geen glimlag nie./Haar woorde is sarkasties. ✓ <i>Enige een of soortgelyk</i>	(1)	3



1.20	Die onderwyseres praat met hom./Hy is besig met 'n aktiwiteit./Hy het (dalk) voorheen al raas gekry en probeer nou sy werk doen./Hy is nie verveeld nie./Hy doen sy skoolwerk. ✓ <i>Enige een</i>	(1)	3
1.21	stimulerende lesse. ✓	(1)	4
1.22	Die onderwyseres het my aangespreek./Die onderwyseres sê ek skenk nie aandag nie./Ek moet Ritalin drink./Die les was vervelig./Al die kinders het in die klas geslaap, behalwe ek./Ek het my vir die onderwyseres vererg./Hy teken die juffrou om weg te kom van sy verveeldheid. ✓ <i>Enige een of soortgelyk</i>	(1)	2
			[30]
TOTAAL AFDELING A: [30]			

Vlakke	1	2	3	4	5	
Punte	5	7	12	5	1	30
%	12 (40%)		12 (40%)	6 (20%)		100%



AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hulle eie sinne, in 'n logiese volgorde, skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

Punte word soos volg toegeken:

- ✓ 7 punte vir 7 feite (een punt per feit)
- ✓ 3 punte vir taal
- ✓ Puntetotaal: **10**

Verspreiding van punte vir taal as die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie.

- ✓ 1–3 feite korrek: Ken **1** punt toe.
- ✓ 4–5 feite korrek: Ken **2** punte toe.
- ✓ 6–7 feite korrek: Ken **3** punte toe.

Verspreiding van punte vir taal as die kandidaat woordeliks aangehaal het:

- ✓ 6–7 aanhalings: Ken **geen** punt vir taal toe nie.
- ✓ 4–5 aanhalings: Ken 'n maksimum van **1** punt vir taal toe.
- ✓ 2–3 aanhalings: Ken 'n maksimum van **2** punte vir taal toe.
- Indien die formaat verkeerd aangebied word, moet die antwoord steeds nagesien word. Die kandidaat verdien geen punt vir TAAL nie.



- Nasieners moet die woorde van die opsomming tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word die sin, waarin die 90 aanbevole getal woorde bereik is, klaar gelees en die res van die opsomming word geïgnoreer.
- 'n Korter opsomming wat die vereiste feite bevat, mag nie geïgnoreer word nie.

Vlakke	1	2	3	4	5	
Punte	4		4		2	10
%	4 (40%)		4 (40%)	2 (20%)		100%

PARAGRAAFVORM

Sorg dat jy geen aandag aan 'n boelie skenk nie. ✓ Moenie bang wees om vir 'n boelie te sê om dadelik met sy/haar optrede op te hou nie. ✓ Maak grappies in die teenwoordigheid van 'n boelie. ✓ Vermoë eensame en afgesonderde plekke waar 'n boelie jou maklik in die hande kan kry. ✓ Sorg dat jy vir jou 'n ondersteunende en beskermende vriendekring opbou waarbinne jy bly. ✓ Moet nooit uitlokkend teenoor 'n boelie optree nie. ✓ Rapporteer alle boeliegedrag by 'n volwasse persoon. ✓

[79 woorde]



FEITE: DIREKTE AANHALING		FEITE: EIE WOORDE	
1	Die beste is om die boelie te ignoreer.	1	Sorg dat jy geen aandag aan 'n boelie skenk nie. ✓
2	Sê vir die boelie om sy/haar boeliegedrag onmiddellik te staak.	2	Moenie bang wees om vir 'n boelie te sê om dadelik met sy/haar optrede op te hou nie. ✓
3	Jy kan natuurlik in die teenwoordigheid van die boelie 'n grap maak wat die wind uit sy/haar seile sal neem. So iets het die boelie nie verwag nie.	3	Maak grappies in die teenwoordigheid van 'n boelie. ✓
4	Moenie op plekke sit waar jy geheel en al geïsoleerd is nie, byvoorbeeld in 'n hoekie of iewers alleen langs 'n muur nie.	4	Vermyn eensame en afgesonderde plekke waar 'n boelie jou maklik in die hande kan kry. ✓
5	Bou vir jou 'n stewige vriendekring waarin jy jouself voortdurend bevind.	5	Sorg dat jy vir jou 'n ondersteunende en beskermende vriendekring opbou waarbinne jy bly. ✓
6	Wees ook versigtig om nie die boelie uit te lok om jou beet te kry nie.	6	Moet nooit uitlokkend teenoor 'n boelie optree nie. ✓
7	Dit is tog belangrik dat jy die persoon wat jou boelie by 'n volwasse persoon rapporteer.	7	Rapporteer alle boeliegedrag by 'n volwasse persoon. ✓

[79 woorde]

TOTAAL AFDELING B: [10]



AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

NASIEN VAN AFDELING C

- Spelling
 - Eenwoord-antwoorde moet as korrek nagesien word, al is die spelling verkeerd (behalwe as dit die betekenis van die woord verander of as dit juis oor spelling handel, bv. 'n intensiewe vorm).
 - By antwoorde waar daar 'n volsin gevra word, moet verkeerde spelling as verkeerd nagesien word, indien die fout wat die kandidaat moet korrigeer in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Indien 'n afkorting getoets word, moet die spelling korrek wees.
- Sinstrukture moet grammatikaal korrek wees en in volsinne aangebied word soos deur instruksies gevra.
- By meervoudigekeuseantwoorde kan beide die letter of die woord gegee word.



AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

TEKS D

	ANTWOORDE	PUNT	VLAK
3.1.1	Ek/die leser/persoon wat die artikel lees. ✓	(1)	1
3.1.2	“Jou” is informeel en “u” formeel./Dit is nie ’n amptelike dokument of artikel nie./Mense wat van kamp hou, is nie formele mense nie. ✓ <i>Of soortgelyk</i>	(1)	3
3.2	Daar is genoeg inligting vir die leser in die advertensie. ✓	(1)	4
3.3.1	Die tente/koffie/vuurtjie. ✓ <i>Enige een</i>	(1)	3
3.3.2	Nie almal hou van kamp nie/wil in tente slaap nie/hou van die buitelewe nie. ✓ <i>Enige een of soortgelyk</i>	(1)	4
3.4	Om ’n tent aan te skaf/te gaan kamp. ✓ <i>Enige een of soortgelyk</i>	(1)	3
3.5	Jy kan tente aanlyn koop. ✓	(1)	3
3.6	wêreldwye web. ✓	(1)	1
3.7	Dit is Suid-Afrika se (vooraf) skakelkode/internasionale skakelkode. ✓	(1)	1
3.8	vervaardig. ✓	(1)	2
			[10]

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

	ANTWOORDE	PUNT	VLAK
4.1.1	ds./Ds. ✓	(1)	1
4.1.2	Die (amptelike) huis van 'n predikant/pastoor. ✓	(1)	1
4.2	JA. Daar is 'n skinkbord met koppies en eetgoed. ✓ <i>Motivering bepaal die punt.</i>	(1)	4
4.3	Die besoeker is netjies aangetrek./Hy spreek die predikant op sy titel aan./Hy kom soek raad by die predikant. ✓	(1)	4
4.4	- Hy lyk onseker/ontsteld. - Hy lyk asof hy soekend/vraend is. - Hy lyk mismoedig/terneergedruk wanneer hy van sy skoonma praat. ✓ <i>Enige een of soortgelyk</i>	(1)	4
4.5	- Hy is netjies aangetrek. - Sy studeerkamer is skoon/netjies. - Die lessenaar is opgeruim. - Die boekrak is georden. - Daar lê niks rond nie. - Hy het 'n langmouhemp en 'n das aan. - Sy toga hang aan die kapstok. ✓✓ <i>Enige twee of soortgelyk</i>	(2)	3
4.6	skoonpa's. ✓	(1)	1
4.7	- Die opskrif in die <i>Beeld</i> gee aanleiding tot die strokiesprent/gesprek in die pastorie. - Die advertensie het in die koerant verskyn en dit het aanleiding tot hierdie gesprek gegee. - Dit is juis die rede waarom die besoeker by die predikant is. ✓ <i>Enige een of soortgelyk</i>	(1)	4
4.8	daardie. ✓	(1)	1
			[10]

**VRAAG 5: PROSA**

	ANTWOORDE	PUNT	VLAK
5.1	Wie <u>vly</u> jy met jou mooi woorde?/Ek <u>vly</u> my op die gras neer. ✓ <i>Of soortgelyk</i>	(1)	3
5.2	teenspoed. ✓	(1)	3
5.3	Staatmaak/maak ... staat. ✓ <i>Enige een</i>	(1)	1
5.4	Nie./Die betekenis "on" vorm die ontkenning. ✓ <i>Enige een</i>	(1)	3
5.5.1	- Die woord "permanent" het 'n postmorfeem/agtervoegsel (-e). - Die basisvorm is "permanent" met 'n postmorfeem/agtervoegsel. ✓ <i>Enige een</i>	(1)	3
5.5.2	Blywend./Vir altyd./Vir ewig. ✓ <i>Enige een</i>	(1)	2
5.6	• tradisionele. ✓	(1)	3
	• tra-di-si-o-ne-le. ✓	(1)	1
5.7	Weens/as gevolg van. ✓	(1)	1
5.8	Die komma (,) staan tussen twee werkwoorde. ✓	(1)	3
			[10]
TOTAAL AFDELING C: [30]			
GROOTTOTAAL: [70]			

Vlakke	1	2	3	4	5	
Punte	11	2	13	4	0	30
%	12 (40%)		12 (40%)	6(20%)		100

Vlakke	1	2	3	4	5	Totaal
Afdeling A	5	7	12	5	1	30
Afdeling B	4	0	4	2	0	10
Afdeling C	10	2	12	6	0	30
Totaal	19	9	28	13	1	70
%	28 (40%)		28 (40%)	14 (20%)		100%